Syngenta
Grain Academy

Syngenta glo dat die toekoms van landbou gevorm moet word en nie aan omstandighede oorgelaat kan word nie. Vanuit hierdie agtergrond het Syngenta, in samewerking met die Sakeskool van die Universiteit van die Vrystaat, 'n pasmaak leierskapsontwikkelings program ontwikkel en reeds vanaf 2013 suksesvol geïmplementeer vir jong kommersiële boere wat die argitekte van môre se landbou arena wil wees.

Die inisiatief word deur Graan SA ondersteun. In die woorde van Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder Graan SA: *"Die stigting van 'n Grain Academy is in lyn met Graan SA se strategiese doelwitte en ons is opgewonde om in vennootskap met Syngenta ook hierop af te lewer. Die toekoms van volhoubare produksie lê in ons mededingendheid en dit kan net met opleiding verbeter word."*

Die Syngenta Grain Academy is 'n leierskapsontwikkelings program en sal die volgende onderwerpe ondermeer aanspreek:

- Die veranderende en interaktiewe toekoms van landbou
- Die kuns om mense saam te neem op 'n pad van nuwe uitdagings
- Hoe om diversiteit tot jou voordeel te gebruik
- Hoe om sin te maak uit 'n oorvloed van inligting
- Hoe om leiding te neem en verandering te fasiliteer in 'n era van transformasie

Die Grain Academy sal die individu op persoonlike en professionele vlak baat en waarde toevoeg tot die breër landbou-gemeenskap. Die program bestaan uit drie blokke van drie dae elk en word by die Universiteit van die Vrystaat se Sakeskool op Bloemfontein aangebied.

"Ek het verwag om van gewasse te leer - toe word die grootste tekortkoming aangespreek - my bestuurs-vaardighede & leierskapsontwikkeling!"
Chris Bender, Clocolan, Vrystaat – 2013 Graan Akademie alumni.

Vir meer inligting en om te registreer, kontak asseblief:
Du Preez Kritzinger: du_preez.kritzinger@syngenta.com **of** 082 574 2272

Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 January 2016

GrainAcademy
Challenge | Conversation | Change | Courage

syngenta®

Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. **Tel** (011) 541 4000 **Fax** (011) 541 4072
www.syngenta.co.za
@SyngentaSA

™